

# Lekkerbekkie Nuusbrief

30 JULIE 2014 | UITGAWE 66



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: Die groot storm
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die groot storm deur Anna Emm

Vandag reën dit sulke groot, vet reëndruppels daarbuite, en die hele tuin is nat! Anja sit by die venster en kyk na die donker wolke bo in die lug. Sy wens dit wil ophou reën sodat sy buite kan gaan speel.

Skielik is daar 'n tik-geluid by die venster! Anja kyk, en sien 'n veldmuisie buite op die vensterbank! Sy ore hang, sy snorbaard is vol druppels, en hy loer deur die venster na Anja. Hy tik weer aan die ruit en wys vir haar om oop te maak. Anja kry die muis jammer, en sy skuif die venster oop dat die muis kan binne kom.

"Ag dankie tog!" sug die muis. "Alles is nat daarbuite! Kan ek hier wag tot die storm verby is?"

"Jy moet net nie dat my ma jou sien nie!" fluister Anja, en gee vir die muis 'n handdoek om homself mee af te droog. "Sy hou nie van muise nie."

Maar o aarde! Net toe die muis droog is, kom Karalie die kat om die draai gestap! Anja het skoon van die kat vergeet! Karalie gee net een kyk na die muis op die tafel, en dan spring hy met 'n harde MIAAU! nader om die muis te vang! Die muis skrik só groot dat hy teen die gordyne opskarrel, en die kat stamp die blompot van die tafel af. Dit breek stukkend op die vloer.

Maar vóór Anja die gemors kan opruim, spring die kat wéér na die muis, en hierdie keer haak sy naels in die gordyn! Die hele gordyn ruk los en alles val met 'n harde geraas op die grond. Net betyds spring die muis tot op die kas.

"Karalie!" raas Anja, en sy probeer die kat gryp, maar die kat is nog lank nie klaar met die muis nie! Hy gee een groot sprong tot bo-op die kas... en daar trek hy die hele kas met ál Anja se mamma se mooi koppies en pierings om! Dit val dat jy net glas sien spat – stukkend op die vloer!

Nou hardloop die arme muis so vinnig as wat hy kan, óm en óm deur die kamer, met Karalie die kat agterna! En so ver hulle hardloop, breek hulle alles wat voorkom!

"Uit! Uit! Uit!" roep Anja vies. Sy maak die venster oop en jaag die muis uit. Toe vat sy vir Karalie en maak hom in die kombuis toe. Wat gaan sy nou maak? Haar mamma gaan baie vies wees! Maar die muis klop-klop-klop aan die venster om in te kom. Hy hou nie op nie! Klop-klop-klop.... klop-klop-klop...

"Anja!" sê 'n stem. "Word wakker, Anja!" Dis haar mamma wat praat – hier by haar. Anja maak haar ogies oop. Sy het sowaar aan die slaap geraak hier by die venster! Dit was alles net 'n droom! Die blompot staan nog op sy plek, en die koppies en pierings is nie gebreek nie! Dankie tog! Buite skyn die son, en die storm is verby.

"Jy moes darem baie moeg gewees het om hier aan die slaap te raak," glimlag Anja se mamma. "Maar sê my, weet jy dalk wie het vir Karalie in die kombuis toegemaak?"

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

## Produk van die week

# Jakkals en Wolf en bekende ander dierestories!


Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

In 2010 het Anna Emm 'n seleksie van die bekende ou Jakkals en Wolf verhale oorgeskryf in haar unieke, kindervriendelike styl. Soos met al ons ander produkte, was dit ook hier belangrik dat die stories goeie waardes oordra, en vry is van enige “bangmaak-elemente”. Anna het spesifiek die Jakkals en Wolfstories gekies wat minder gewelddadig was, en dit in 'n gemaklike, moderne kindertaal oorgeskryf, met groot sensitiwiteit rondom die “boelie-element” wat dikwels in die oorspronklike stories voorgekom het. Enige ouer kan hierdie versameling dierestories dus met 'n geruste hart vir sy kind laat luister!

Hierdie week slegs R160 vir altwee CDs (12 stories) – slegs by ANNA EMM agente! Vir 'n agent in jou area kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za), of bestel die audio boeke teen die normale prys by [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) | 021 930 0908

## Bekende dierestories op CD!

“Jakkals en Wolf” en ander dierestories vir kinders  
Speziale aanbod: Koop beide CD's (12 stories) @ R160!  
(Gewone prys R105 elk - spaar R50!)




Stories op CD 1:

1. Jakkals en Wolf werk vir die boer
2. Hasie en Skilpad hardloop resies
3. Jakkals en Wolf vang vis
4. Koning Leeu en die muis
5. Jakkals en Wolf en die gesteelde bok
6. Hasie Kalbassie by die watergat

Stories op CD 2:

1. Jakkals en Wolf in die put
2. Die stadsmuis en die veldmuis
3. Jakkals en Wolf steel skaap
4. Hasie en Olifant trek tou
5. Jakkals en Wolf en die hangklip
6. Die voëls kies 'n koning

**Geldig tot 4 Aug!**



### Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Die groot storm illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)